# 7 Maart 2023 - Lesing 41 - Gawes uit die Hemel - Boek 1 (volledig) - Jakob Lorber

## Hoofstuk 51 - DIE DOOD EN STERWENSNOOD
(29.04.1841) HIM1.336

1] Die dood van die liggaam is die laaste nood van die lewe en is as't ware net soos die vasslaan aan die Kruis.

2] Sonder die dood van die liggaam sou alle lewe verlore gegaan het. Maar deur die dood van die liggaam word die lewe versamel en bevestig, sodat dit na die verval van die liggaam, selfs in die ergste geval, steeds as iets kan bestaan.

3] Die doodverbonde, voorafgaande vrees is juis die handeling van die samevoeging van die lewe, wat voorheen maar al te dikwels reeds in alle winde van die wêreld gestrooi was.

4] Daarom gebeur dit ook, en dit is uiters noodsaaklik, dat die wêreldlinge ‘n dikwels uiters bittere dood moet smaak. Want sou dit nie uit My groot Genade gebeur nie, sou hulle vir ewig vernietig word.

5] En dat sulke (wêreldse siele) na die wrede aardse dood in 'n hoogs onvrye toestand aankom, is weereens net, sodat in die liggaamlike dood hulle, met moeite versamelde, lewe nie (net) weer ontvlug en uiteindelik heeltemal vernietig word nie.

6] En so is dan selfs die angsvolle en kwellende sogenaamde ewige dood niks anders as ‴n, deur My groot Erbarming ingestelde, bewaring van die lewe“ nie.

7] Maar die mens wat reeds in hul liggaamlike lewe deur selfverloëning, deemoed en liefde vir My, hul lewens in My verenig het, waarlik, hulle sal van die vrees vir die liggaamlike dood weinig bespeur. En wanneer hulle klein aardse lewenskippie eendag op die verraderlike rotse van die wêreld tot stof sal word, sal die swerwer pynloos en sorgeloos sê: “My besittings is droog!”

8] Bemoei julle dus daarvoor, om jul lewens reeds hier in My te verenig, dan sal die liggaamlike dood vir jou eendag verskyn soos ‘**n groot opkomende son** vir die nagtelike wandelaar op ‘n strand, vol klippe en afgronde.

9] Glo My, dat dit so is, dan sal niemand jou weer van jou innerlike vrede beroof nie!

10] So sê die Meester van Lewe en dood! - Amen. Amen. Amen!

## Hoofstuk 52 - DIE BESTE RAAD EN WARE TROOS
(05.05.1841) HIM1.345

1] Alle mense is nie vir hierdie wêreld geskape nie, **maar vir die groot Vaderhuis aan die anderkant**, en hoe anders ook! Soos hulle lewe in die wêreld, so is eweneens hulle toestand in daardie ewige groot Huis!

2] Wie Ek op die proef stel, en voorwaar, Ek doen dit nie tevergeefs nie, die wil en sal Ek ook iets van maak, want hy is reeds in My skool. **Maar 'n student moet die Eksamen slaag as hy iets wil word**.

3] By My word niemand in die Eksamen verwerp nie, maar almal kan slaag, **hetsy reeds hier of beslis in die hiernamaals.**

4] Maar wie van My sagte beproewinge wegvlug en 'n slegte ontvlugting maak, **hy sal dan deur die wêreld en deur die Satan getoets word**, of hy tot goddeloosheid in staat is.

05] Ek neem elkeen in My skool op, ter enige tyd. Maar wie nie meer as 'n varkwagter, 'n donkiedrywer of 'n osvoerder wil word nie, en sy saligheid in onheil vind, waarlik, hy sal nie in sy amp of in sy verlustiging gesteur word nie!

6] Maar julle, luister en begryp, dit is by My "Universiteit"! (Hoërskool) van die Goddelike Kindskap. Ek wil in geheel baie van julle maak! Daarom ook, moet sommige (spesiale) Eksamens aan hierdie universiteit julle nie afskrik nie.

7] Ek het die melaatse (vir wie jy om hulp gevra het) na My toe geneem en haar tot die lewe opgewek deur die onreine las uit haar stinkende liggaam te verwyder. Wil jy haar weer tot die dood verderf?

8] Waarom treur jy omdat Ek jou suster na My toe geneem het? Het iets ergs met haar gebeur? O julle kleingelowiges! Dink jy die verlies van jou suster lê jou swaar op die hart? **Ek sê nee, jou swak geloof is steeds jou grootste nood!**

9] Want wie glo en liefhet in gees en in die waarheid, sal altyd in sy hart vol blydskap en dankbaarheid wees, want hy sal sekerlik in die helderste lig sien dat Ek, sy ewige, heilige, mees liefdevolle Vader, **sekerlik net doen wat die beste is te alle tye!**

10] O kinders, erken, erken nou eenmaal dat Ek julle liefdevolste Vader is, wat julle deur elke beproewing van julle lewens duisendvoudig verhoog en vermeerder!

11] Dank My met ’n blye hart dat Ek julle suster dadelik die ewige lewe gegee het in die ryk van die Kinders, en van daar af vir haar 'n duidelike weg oopgemaak het na die groot Heiligdom van My ewige Vaderliefde!

12] Voorwaar, dit is so! **Wie kan nog treur, as hy My liefhet en aan My Naam vashou?**

13] Wees dan vrolik en vol goeie moed! Want julle suster is reeds geluksalig in My Skoot! Maar hier (in die aardse wêreld) sou sy binne net vyf maande vir ewig verlore gewees het, saam met haar man! Hoe so en waarom, sal julle nie met die tyd ontgaan nie!

14] Maar nou is alles goed en dit sal vir ewig so goed bly! Daarom, verheug julle en loof My Naam altyddeur!

15] Dit sê Ek, julle ware Vader en Broeder. Amen!